2020 – Eerste indrukke?

Mattheus 3: 13-17

12 Jan. 2020

<u>Inleiding:</u>

1.

Gemeente.

Die **eerste indruk** wat jy van iemand kry is nege uit die tien keer bepalend vir jou algemene oordeel of beskouing van daardie persoon.

Dink vir ŉ oomblik aan die laaste keer toe jy ŉ nuwe persoon ontmoet het. Die kans is baie goed dat **daardie eerste ontmoeting** jou beskouing van daardie persoon bepaal het.

- Dalk het die persoon ŉ **goeie indruk** gemaak op jou omdat haar voorkoms of spraak baie gesofistikeerd was?
- Dalk het die persoon ŉ **slegte indruk** by jou geskep omdat hy aggressief of neerhalend was?

Ontmoet jy weer daardie persoon, of by die werk, of in ŉ sosiale konteks, sal daardie eerste ontmoeting baie keer alle verdere interaksie met die persoon bepaal.

Die teenoorgestelde is ook natuurlik waar. Net soos ander mense ŉ eerste indruk op jou maak, ontmoet jy ook somtyds nuwe mense.

- Watse indruk skep jy by daardie persoon?
- Wat is hulle eerste indruk van jou?
- Is dit positief of is dit negatief?

As **predikant** is die eerste indruk wat ek by mense skep natuurlik baie belangrik. Ek ontmoet omtrent **weekliks nuwe mense**. Skep ek ŉ goeie indruk by hulle, personifieer ek die beginsels van Jesus en die kerk, of laat ek die mense louwarm agter. Dit veroorsaak nogal angs by meeste predikante.

Ek weet immers dat daardie eerste ontmoeting, daardie eerste indruk wat die mense van my het, alle verdere interaksie gaan bepaal.

Dit is nie net waar van my nie, maar ook van elkeen van julle.

Watse indruk skep jy by mense? Wat dink die nuwe kollega by die werk, of die nuwe persoon in julle vriende groep van jou na daardie eerste ontmoeting?

2.

Ek het begin dink aan eerste indrukke, of first impressions, soos ons in Engels sê, met die lees van die bekende verhaal van **Jesus se doop**.

In Matteus 3 13-17 **onmoet** ons, saam met Johannes die doper, Jesus vir **eerste keer**. Voor die teks gedeelte het ons gelees van Jesus se koms na die wêreld, sy geboorte. **Hier tree Jesus egter self op, hier praat Hy vir die eerste keer.**

Watse indruk maak Jesus se optrede, Sy woorde op Johannes?

Wat is die eerste indruk wat Jesus op jou maak?

Kom ons lees die teksgedeelte saam.

<u>Skriflesing:</u> Mattheus 3: 13-17

<u>Videogreep:</u>

<u>Prediking:</u>

3.

Watse indruk maak Jesus op jou tydens die *"eerste ontmoeting"*?

Verbeel vir ŉ oomblik jy is Johannes die doper of een van die skare wat die ontmoeting aanskou? Hier kom Jesus vanuit die verte aangeloop na die Jordaan rivier. Vir die eerste keer ontmoet jy Hom, sien jy Hom, hoor jy Hom praat en kan jy iets van Sy

optrede aanskou. Watse indruk skep Jesus se optrede en woorde by jou? Wat dink jy van hom na die eerste ontmoeting?

Vir my persoonlik, vriende, is dit merkwaardig hoe Jesus **nie optree nie**. Wat bedoel ek indien ek dit sê?

- Ek sien nie **hooghartigheid** by Jesus raak nie. As die Seun van God sou ŉ mens dink dat Jesus onmiddellike onderdanigheid sou vereis. Nee, ons sien juis die teenoorgestelde.
- Netso sien ek nie s**elfsugtigheid** by Jesus raak nie. Baie keer is die magtiges van die wêreld se optrede daardeur gekenmerk.
- Ek sien nie **vyandskap, haat, naywer, woede of rusie** by Jesus raak nie.
- Met die eerste ontmoeting met Johannes bring Jesus nie **verdeeldheid of skeuring** nie.
- Daar is nie **afguns of jaloesie** by Jesus nie.
- Hy is alles behalwe **uitspattig**.

Nee vriende. Ek sien niks van hierdie sondige wêreld in Jesus nie. Allesbehalwe, ek kom eerder onder die indruk van Sy goddelikheid.

Die indruk wat Jesus by my laat met die eerste ontmoeting is eerder soos die vrug van die Gees ons van vertel in **Galasiërs 5: 22 en 23**.

Die indruk wat Jesus by my skep is een van **liefde, vreugde, vrede, geduld, getrouheid, selfbeheersing en veral nederigheid.**

Jesus is al die dinge, maar Hy is veral **nederig** tydens ons eerste ontmoeting met hom.

Deurdat hy bereid is om hom deur Johannes die doper te laat doop **stel hy hom onderdanig** teenoor die persoon wie eintlik nie werd is om sy sandale vas te maak nie. Deurdat Jesus homself laat doop **vereenselwig** Hy hom met elkeen van ons, mense wat in sonde ontvang is, wat ook gedoop is. **Daardeur toon Hy sy medelye met ons.**

In die optrede van Jesus, met die woorde, sien ons by uitstek dat Jesus **<u>nederig</u>** is – hoogmoed en selfsug kan nie by Hom bespeur word nie.

4.

- Die eerste indruk wat Jesus op Johannes en sy volgelinge gemaak het, was so kragtig dat hulle net daar en dan hulself **onderdanig** teenoor Jesus gestel het.
- Die eerste indruk wat Jesus op hulle gemaak het, was so kragtig dat hulle hom begin **volg** het.
- Die eerste indruk was so kragtig dat hulle alles agter gelaat het en Jesus hulle **rabbi**, hulle **leermeester** genoem het.
- Die eerste indruk wat Jesus op Johannes gemaak het, was so kragtig dat Johannes selfs bereid was om vir Jesus te **sterf**

Netso ontmoet ons Jesus vandag vir die eerste keer. Netsoos Johannes die doper, en almal wat daar teenwoordig was, is ons diep getref deur Jesus se optrede en sy woorde. Soos hulle, al daardie jare gelede, staan ons verwonderd voor Jesus se nederigheid, sy liefde, sy vergifnis, sy geduld, sy vrede, sy genade.

- **Verander hierdie eerste ontmoeting met Jesus jou**?
- Is hierdie eerste indruk wat Jesus op jou maak so kragtig dat **jy jou lewe in oënskou neem en veranderinge bring waar dit nodig is**?
- Is die eerste ontmoeting kragtig genoeg dat jy tot **inkeer** kom en bely dat Jesus die Here is?
- Is hierdie eerste indruk wat Jesus op jou maak kragtig genoeg dat jy jouself sal **verloën,** en **Jesus sal volg**?

Dit is my gebed en hoop vandag

5.

Gemeente.

Dit is die jaar **2020** en jy gaan in die jaar ŉ klomp **nuwe mense ontmoet**. By die werk, in jou sosiale kringe, by die kerk. Jy gaan nuwe mense op sosiale platforms soos facebook ontmoed.

Omdat Jesus so kragtige invloed het op ons lewe moet ek en jy vandag die keuse maak, doelbewus wees, in wyse waarop ons optree. Gaan jy ook soos Jesus ŉ positiewe impak hê op die mense wat jou pad kruis?

- Watse indruk gaan jy by die mense agterlaat?
- Gaan jy ŉ positiewe of negatiewe indruk skep?
- Gaan die mense wat jy onmoet onder die indruk kom van die sondige wêreld, of gaan hulle iets van Jesus se liefde en vergifnis raaksien?
- Gaan hulle van jou wegstap met die indruk dat jy nederig en selfloos is?
- Watse indruk gaan jy by mense laat die jaar?
- Ek dink ons moet sommer vroeg in die jaar die besluit neem.

Ek wil egter byvoeg. Dit is baie maklik om ŉ **goeie voetjie** voor te hou met mense by werk of by die kerk. Jy wil natuurlik ŉ goeie indruk by die mense skep – dit gaan mos alle toekomstige interaksies met daardie persoon bepaal.

- Die toets lê egter daar waar ons die karwag, die bedelaar, die tuinwerker of huiswerker ontmoet?
- Die toets lê daar waar ons die bejaardes, die siekes, die randfigure ontmoet?
- Die toets, vriende, lê daar waar ons mense ontmoet wat van ons verskil, wat anders lyk en praat as jy.

Watse indruk skep jy by mense wat daar onder is, wat niks het om te bied nie, wat verstoot is? Wat dink hulle van jou na daardie eerste ontmoeting? Sien hulle Jesus of die wêreld raak?

Jesus het immers die rykes en armes die selfde behandel. Hy het immers ŉ goeie indruk geskep by randfigure, asook by die koninklikes van sy tyd. Kom ons probeer ook om soos Jesus ŉ groei indruk te skep by elkeen wat ons ontmoet. Amen